Publication: Burger (Oos Kaap), Saterdag Bylae
Date: Saturday, December 02, 2017
Page: 4

ECIC ondersteun Suid-Afrikaanse uitvoerders en beleggers met trots

Die Export Credit Insurance Corporation (ECIC) is in Julie 2001 gestig met 'n mandaat om die gaping in die mark te vul deur die voorsiening van medium- tot langtermyn-uitvoerkrediet en -beleggingswaarborge, deur banklenings vir politieke en kommersiële risikoversekeringsdekking te onderskryf namens die Suid-Afrikaanse regering.

Daar is voldoende voorsiening vir die korttermyn-uitvoerkredietmark, maar medium- tot langtermyn-uitvoertransaksies het nog 'n behoefte gehad vir 'n toegewyde uitvoerkredietagentskap. Dit het dus gelei tot die vorming van 'n toegewyde Suid-Afrikaanse uitvoerkredietagentskap.

Die ECIC tree op as 'n katalisator vir privaat beleggings. Hulle tree in waar kommersiële kredietverskaffers onwillig of nie in staat is om langtermynrisiko's te aanvaar nie.

Tesame met hul grootste aandeelhouer, die departement van handel en nywerheid, maak die ECIC gebruik van marknavorsing en gespesialiseerde sakeontwikkelingseenhede om nuwe verseke-ringsprodukte te skep wat die regering se uitvoerpromosieteikens ondersteun. Een so 'n voorbeeld is die hersiene prestasieverbandversekeringsproduk wat in 2016 bekendgestel is.

Die ECIC het onlangs ook nuwe produkte ontwikkel, insluitend die verhuring en terugbring van aanlegtoerusting.

Dit gaan ook voort om 'n katalisator te wees vir hoër uitleenkapasiteit deur finansiële instansies, deur herversekeringsooreenkomste te sluit met ander uitvoerkredietagentskappe (ECA's) in die wêreld, sowel as die internasionale privaat-herversekeringsmark.

Dit stel die ECIC in staat om 'n raamwerk te skep vir herversekering sowel as medeversekering. Om dit te bereik het die ECIC 'n uitgebreide plan van aksie aangeneem wat verwerkliking van samewerkende programme vir wedersydse voordeel ten doel het wat aansluit by onder meer Brics ECA's, Afreximbank en African Trade Insurance. Die ECIC kan ook Afrika-risiko meer mededingend prys met hul kennis van die Afrika-mark.

Die ECIC fasiliteer finansiering benodig vir infrastruktuur, wat van belang is vir intra-Afrika-handel.

Uitvoerkrediet is noodsaaklik, in ag genome kapitaaluitvoere is langtermynbates.

Dit is firmas se gebruik om sulke uitvoere te finansier met banklenings vir kontantvloeibestuursdoeleindes.

Uitvoerkredietfinansiering is daarom 'n belangrike en sleutelaspek van internasionale handel.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.